

## Verseker SA jeug se toekoms in die landbou

Melissa van der Merwe\*

Jeugdag (16 Junie) is 'n geleentheid om na te dink oor die uitdagings en geleenthede van Suid-Afrika se jongmense. Landbou, die ruggraat van ons ekonomie, en moontlik die grootste werkgewer vir die jeug, hou enorme potensiaal in om die land se jeugwerkloosheidskrisis die hoof te bied.

Nietemin dui onlangse tendense daarop dat jongmense ál hoe minder in landbouloopbane belang stel. In die lig van die hoë werkloosheidsyfer onder die jeug – 45,5% volgens Stats SA se jongste statistieke – sou 'n mens dink dat hulle graag in die sektor wil werk. Ongelukkig beskou jongmense die landbou egter dikwels as 'n laaste uitweg wanneer daar nie meer ander moontlikhede oor is nie.

Dit laat ontstaan 'n belangrike vraag: Wat kan ons doen om meer jongmense na die landbousektor te lok?

In [onlangse navorsing](#) het ek juis dié kwessie ondersoek aan die hand van 22 studies wat die afgelope dekade onderneem is, landwye graad 12-statistieke, universiteitsinskrywings, jaarboekbeoordelings en posadvertensies. Hieruit kon ek vyf kerngebiede vir intervensie identifiseer.

Die eerste, en straks die belangrikste, is om jong kinders geesdriftig en nuuskierig te maak oor die sektor deur landbouopvoeding in laer- en hoërskole in te stel. Daar is al bewys dat vroeë blootstelling aan landbou 'n spelbreker kan wees: Leerders wat vroeg reeds van die landbou leer, is agt keer meer geneig om later in hulle lewens by die sektor betrokke te raak. Met praktiese leerervarings, velduitstappies en gaspraatjies deur suksesvolle boere en agri-sakelui kan ons toon watter uiteenlopende geleenthede die sektor bied, en sodoende die volgende geslag landboueiers inspireer.

Tweedens is die behoefte aan onderwyshervorming nie net 'n voorstel nie, maar 'n vereiste. Hoewel tegniese vaardighede ongetwyfeld belangrik is, heg werkgewers in die landbousektor ook groot waarde aan sagte vaardighede soos interpersoonlike kommunikasie, probleemoplossing en projekbestuursvermoëns. Teen die agtergrond van die vierde en vyfde nywerheidsrevolusies moet ons programme meer op dataontleding en -bestuur konsentreer om die snel ontwikkelende loopbaangeleenthede doeltreffend te benut en werkgewers wat in hierdie innovasies belê te ondersteun.

Sowel die wins- as die altruïsme-hefboom is belangrik om jongmense na die sektor te lok. Wat die winshefboom betref, kan ons vake aanbied wat verder as die plaashek strek, soos entrepreneurskap, agri-ondernemingsbestuur en sake-eienaarskap. En met die sterker klem op omgewingsbewaring, maatskaplike verantwoordelikheid en menslike welstand is dit belangriker as ooit vantevore om op toegankliker voedselstelsels, voedselsekerheid en minder voedselverliese en -vermorsing te bly konsentreer.

Derdens is samewerking met die media noodsaaklik om die jeug se opvattinge oor die landbou te verander. Ons kan die verouderde stereotipes wat baie jongmense teen

landbouloopbane laat besluit die nekslag toedien deur suksesvolle jong boere en agripreneurs se stories te vertel en die sektor as intellektueel stimulerend, ekonomies volhoubaar en vol diverse geleenthede sowel op as weg van die plaas uit te beeld. Die betrokkenheid van sosiale media-beïnvloeders, die skep van oortuigende video-inhoud en die benutting van gewilde platforms onder die jeug kan positiewe boodskappe help versprei en opwindings skep oor die moontlikhede op landbougebied.

Vierdens kort jongmense wat in agripreneurskap belang stel toegang tot finansiële en fisiese hulpbronne en omvattende opleidingsprogramme. Samewerking tussen tersiêre instellings, die regering en die privaat sektor is noodsaaklik om die nodige vaardighede en kennis te bied om suksesvolle agripreneurs op te lei. Deur gesamentlike opleidingsinisiatiewe en -hulpbronne te voorsien, kan ons jong aspirantboere en entrepreneurs die gereedskap gee wat hulle nodig het om in die sektor te floreer.

Laastens moet ons die rol van landbouverenigings versterk om die gaping tussen die sektor en onderwysinstellings te oorbrug. Hierdie organisasies kan waardevolle platforms wees om netwerke te bou, studente met mentors in aanraking te bring, en internskapeleenthede te fasiliteer. Deur met universiteite en kolleges saam te werk, kan landbouverenigings praktiese insigte bied, navorsingsprioriteite help bepaal, en sorg dat onderwysprogramme met die behoeftes van die bedryf strook. Daarbenewens kan hierdie verenigings voorspraak doen vir beleide en inisiatiewe wat die jeug se betrokkenheid by die landbou ondersteun, soos finansiering vir agripreneurskapsprogramme, en toegang tot grond en hulpbronne vir jong boere.

Universiteite is kernrolspelers in hierdie transformasie. Volgens my ontleding van Suid-Afrikaanse tersiêre landbouprogramme is instellings se kurrikulums betreklik eenvormig en voldoen dit aan internasionale standaarde. Nietemin is daar ruimte vir verbetering in die ontwikkeling van die praktiese en interpersoonlike vaardighede waarna werkgewers op soek is. Universiteite en kolleges moet hulle kurrikulums aanpas met praktiese ervarings, leierskapsaktiwiteite, gevallestudies en die spelifiëring van sekere vak-elemente om 'n interaktiewe ervaringsleerervaring te verseker wat noodsaaklike vaardighede bou. Die vestiging van sterk vennootskappe met bedryfspelers kan boonop internskape, navorsingsamewerking en werksplasings vir graduati fasiliteer. Deur afgeronde graduati te ontwikkel, kan ons beter in die ontwikkelende behoeftes van die landbou-arbeidsmag voorsien.

Die werwing en behoud van jongmense in die landbousektor is die gesamentlike verantwoordelikheid van universiteite, werkgewers en landbouverenigings. Deur nouer samewerking en toegespitste intervensies kan ons 'n poel vaardige jong beroepslui ontwikkel wat gereed is om innovasie en volhoubaarheid in die landbou na te jaag. Deur sowel wins as altruïsme as motiveerders te gebruik en toegespitste intervensies vir onderwys en vaardigheidsontwikkeling te implementeer, kan ons 'n nuwe geslag agripreneurs, navorsers en innoveerders skep wat gretig is om landbou in Suid-Afrika ten goede te verander.

Wanneer ons Jeugdag vier, kom ons erken die enorme potensiaal van ons jeug én die belangrike rol wat landbou kan speel om werkloosheid te bestry, voedselsekerheid te bevorder en ekonomiese groei te stimuleer. As ons doelgerig saamwerk, kan ons 'n blinker toekoms vir Suid-Afrika se jongmense in hierdie dinamiese en noodsaaklike sektor bou. Nóú is die tyd om op te tree. Kom ons werk saam om 'n nuwe geslag landboueiers te kweek wat toegerus is om 'n meer voorspoedige en volhoubare toekoms vir almal te help skep.

**\*Dr Melissa van der Merwe is 'n dosent in die Departement Landbou-ekonomie van die Fakulteit AgriWetenskappe by die Universiteit Stellenbosch. Hierdie artikel is gegrond op 'n akademiese referaat wat sy onlangs in *Agrekon* (2024) gepubliseer het.**